


# Week 2:
# Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (23-28 Augustus 2026)

---

## AFSKOP VRAAG
Sondagoggend tydens die kinderoomblik het ons oor troeteldiere gesels. Vertel vir die groep van die troeteldiere wat julle al gehad het. Watter dier was jou eerste gewees, of na watter troeteldier verlang jy?

## GEBED
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## SKRIFLESING
Matteus 5:5-6

## GESPREKSVRAE

1) Matteus 5 vers 1-12 gebruik voortdurend dieselfde patroon. Jesus gebruik telkens die woord makarios... wat eintlik 'n moeilike woord is om presies reg in Afrikaans te vertaal. Oor die jare het die verskillende vertalings van die Bybel dit soos volg vertaal:
    - *1933 - Welgeluksalig*
    - *1953 - Salig*
    - *1983 - Geseënd*
    - *2020 – Gelukkig*

Watter van die vertaling verkies jy?

2) Die oorspronklike Griekse woord wat ons met sagmoedig vertaal, is die woord πραυς (praus) wat drie moontlike interpretasies het:
    - *Om vir die regte goed kwaad te raak*
    - *Om selfbeheersing te hê en nie reaktief te wees nie*
    - *Om nederig te wees – jou eie swakhede en tekortkominge te erken.*

Watter insig bring bogenoemde drie perspektiewe op sagmoedigheid vir jou?

3) Gesels met mekaar watter impak dit op ons gemeente en samelewing sal hê as ons telkens vir sagmoedigheid kies?

4) Vertel van situasies waar sagmoedigheid vir jou nie spontaan kom nie. Hoe kan 'n mens dan maak?

5) Lees saam Matteus 11:29. Hoe help hierdie woorde van Jesus ons om die woord sagmoedig te verstaan?
6) Die vierde Saligspreking (Geregtigheid), waarop hierdie Huisgeloof nie juis fokus nie, word in die Nuwe lewende vertaling vertaal soos volg

*Matteus 5:6: Geseënd is die met 'n Brandende begeerte om te doen wat God wil hê.*

Hoe kan ons hierdie week met so 'n brandende begeerte gaan leef om die regte dinge te doen?

## AFSLUITING

Laat iemand in die groep die Onse Vader gebed lees, soos wat dit deur Eugene Peterson verwerk is:

Our Father in heaven,
Reveal who you are.
Set the world right;
Do what's best—
as above, so below.
Keep us alive with three square meals.
Keep us forgiven with you and forgiving others.
Keep us safe from ourselves and the Devil.
You're in charge!
You can do anything you want!
You're ablaze in beauty!
Yes. Yes. Yes.